

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Maandag 30 Januarie 1978

WINDHOEK

Monday 30 January 1978

No. 3697

INHOUD:	Bladsy	CONTENTS:	Page
PROKLAMASIE:		PROCLAMATION:	
No. AG. 5 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Nywerheidswese), 1978	I	No. AG. 5 Executive Powers (Industries) Transfer Proclamation, 1978	1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 23 Januarie 1978)

No. AG. 5 1978

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 28 Januarie 1978

BYLAE

Woordoms krywing

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie Wet gemaak is of daarop betrekking het.

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 23 January 1978)

No. AG. 5 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF INDUSTRIES TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 28 January 1978

SCHEDULE

Definition

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

Oordrag van administrasie van Departement van Nywerheidswese

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtreëding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Ekonomiese Sake van die Republiek van Suid Afrika in die Departement van Nywerheidswese geadminestreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

Toepassing van wette

3. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op —

- (a) die Nywerheid ontwikkelingswet, 1940 (Wet 22 van 1940);
- (b) die Visnywerheid-ontwikkelingswet, 1944 (Wet 44 van 1944);
- (c) die verwysing na die Minister van Finansies in artikels 6(1)(a) en 6(2) van die Wet op Reëling van Monopolistiese Toestande, 1955 (Wet 24 van 1955);
- (d) artikels 3A, 11, 12 en 13 van die Wet op Standaard, 1962 (Wet 33 van 1962);
- (e) die Wet op die Brandstofnavorsingsinstituut en Steenkool, 1963 (Wet 35 van 1963);
- (f) die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970 (Wet 89 van 1970);
- (g) artikels 19 en 22A van die Wet op Seevisserye, 1973 (Wet 58 van 1973);
- (h) die verwysing na die Staatspresident en die *Staatskoerant* in artikel 34 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977).

(2) Ondanks die bepalings van artikel 3(2)(b) van die Algemene Proklamasie, word —

- (a) die verwysing na die Minister van Ekonomiese Sake in artikel 14 van die Wet op Standaard, 1962 (Wet 33 van 1962) (hieronder die Wet genoem), uitgelê as 'n verwysing na die Administrateur-generaal;
- (b) die verwysing na die Minister van Ekonomiese Sake in artikel 20(2)(a) van die Wet, uitgelê as 'n verwysing na ook die Administrateur-generaal.

Transfer of administration of Department of Industries

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Economic Affairs of the Republic of South Africa in the Department of Industries shall be carried on by the Administrator-General.

Application of laws

3. (1) The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to —

- (a) the Industrial Development Act, 1940 (Act 22 of 1940);
- (b) the Fishing Industry Development Act, 1944 (Act 44 of 1944);
- (c) the reference to the Minister of Finance in sections 6(1)(a) and 6(2) of the Regulation of Monopolistic Conditions Act, 1955 (Act 24 of 1955);
- (d) sections 3A, 11, 12 and 13 of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962);
- (e) the Fuel Research Institute and Coal Act, 1963 (Act 35 of 1963);
- (f) the National Supplies Procurement Act, 1970 (Act 89 of 1970);
- (g) sections 19 and 22A of the Sea Fisheries Act, 1973 (Act 58 of 1973);
- (h) the reference to the State President and the *Gazette* in section 34 of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act 103 of 1977.)

(2) Notwithstanding the provisions of section 3(2)(b) of the General Proclamation —

- (a) the reference to the Minister of Economic Affairs in section 14 of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962) (hereinafter referred to as the Act), shall be construed as a reference to the Administrator-General;
- (b) the reference to the Minister of Economic Affairs in section 20(2)(a) of the Act shall be construed as including a reference to the Administrator-General.

(3) Artikel 20 van die Wet op Standaarde, 1962, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (2) te skrap.

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Nywerheidswese), 1978.

(3) Section 20 of the Standards Act, 1962, is hereby amended by the deletion of paragraph (b) of subsection (2).

Short title

4. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Industries) Transfer Proclamation, 1978.